

WELKOM, TUIS, MEERTALIG EN DIVERS – GEDAGTES OOR UNIVERSITEITE EN TAAL

**DF Malherbe-gedenklesing by die Universiteit van die Vrystaat –
14 Mei 2009**

Theuns Eloff

1. Inleidende opmerkings

Met die vierde demokratiese verkiesing agter die rug, en die kabinet (waaronder die nuwe Minister van Hoër Onderwys en Opleiding) bekend, is dit duidelik dat die land en ook die hoër onderwyssektor 'n nuwe fase binnegaan. President Zuma se oproep tot “eenheid”, “uitnemendheid” en “bevoegdheid” kan aandui dat groter klem op versoening, goeie regering en dienslewering geplaas gaan word. Daarmee saam het president Zuma in die aanloop tot die verkiesing ook aangedui dat hy groter gewig aan die erkenning van etnisiteit en die regte van minderheidsgroepe (soos Afrikaanses) gaan gee.

Suid-Afrikaners hoop dat die wil tot beter regering en groter effektiwiteit in dade omgesit sal word – maar dit gaan nie maklik wees om hierdie nuwe kultuur in amptenaargeledere te vestig nie.

Hoe dit ook al sy, hierdie voornemens sal ook 'n invloed op die hoër onderwyssektor hê. Teen hierdie agtergrond wil ek vanaand met u 'n paar gedagtes deel oor universiteite, diversiteit en taal. En onafwendbaar sal die bekende begrip “transformasie” ook aandag (moet) kry.

2. Transformasie en universiteite

Vir ten minste die afgelope 10 jaar was “transformasie” dié dryfkrag in die Suid-Afrikaanse samelewing – ook in hoër onderwys. In 2007, het die voormalige Minister van Onderwys, me Naledi Pandor, op vier elemente van die transformasie-uitdaging vir universiteite gewys:

- Ekwiteit en regstellende aksie (“equity”);
- Effektiwiteit en doeltreffendheid (“efficiency and effectiveness”);
- Die skep van nuwe institusionele kulture wat sosiale, kulturele en etniese verskille inkorporeer; en
- Die verbetering van die kwaliteit van graduandi.

Min regdenkende Suid-Afrikaners sal met die beginsel en balans hiervan kan of wil verskil. Die probleem is dat in die praktyk, en in baie ander uitsprake en ministeriële verslae, ekwiteit en regstellende aksie die hoof of self enigste uitdrukking van transformasie geword het. En die interpretasie daarvan het permanente, vinnige en dikwels simboliese

verandering geword. Dinge moet anders lyk, anders klink en anders genoem word... verander dorpsname eerder as om sanitasiegeriewe aan die armes te voorsien.

Die eng interpretasie van transformasie fokus daarom grootliks op (swart) koppe tel. Die NWU het dit ook onlangs ervaar met die verslag van die Ministeriële Taakspan oor die NWU. Waar die universiteit se voorlegging met voorbeelde kon bewys dat die NWU byna al die samesmeltingsdoelwitte bereik het, was die Taakspan se verslag baie krities oor die nie-bereiking van dieselfde doelwitte. Dis amper asof daar in die oorspronklike doelwitte soos deur prof Kader Asmal gepubliseer 'n subteks was wat net deur ingewydes gelees en verstaan kon word. Ek vermoed dat dit iets gesê het soos: "Oor 3 jaar moet 50% van die Afrikaanse studente en dosente van Potchefstroom op die Mafikengkampus wees en 50% van die Setswanastudente en personeel van die Mafikengkampus op Potchefstroom wees". En dis blykbaar die enigste ware transformasie!

So 'n doelwit sou gewoon onmoontlik wees... en ook onwenslik in dié opsig dat as ons studente sou dwing om van kampus te verwissel, hulle waarskynlik van universiteit sal verwissel of dit gewoon nie sal kan bekostig nie. En akademici is nie kaders wat sommer net "redeploy" kan word nie...

Die punt is nie dat transformasie en integrasie onmoontlik of onwenslik is nie. Eerder dat hierdie soort siening van transformasie ideologies is, grootskaalse *social engineering* veronderstel, nie met taal- en kultuurwerklikhede en regte rekening hou nie en gevaarlik vir noodsaaklike diversiteit is...

Die land se hoër onderwyssektor het in die afgelope tien jaar ontsaglik ver op die pad van toegang gevorder - meer as 90% van voorgraadse studente is nou generies swart, waarvan 82% "Africans" is; in 2007 is meer as 50% van alle Meestersgrade aan swart Suid-Afrikaners toegeken en net minder as 50% van die PhD's. Ten opsigte van personeelekwiteit is 41% van alle akademici swart en dit neem steeds toe. Dit alles teen die agtergrond van 'n sekondêre skoolstelsel wat die meerderheid (swart) leerders gruwelik in die steek gelaat het.

Die hoër onderwyssektor se hoofuitdaging is dus nie meer hierdie soort transformasie of toegang of selfs ekwiteit nie. Dis sukses en kwaliteit en uitnemendheid en kompetendheid en innovasie. Dis waar die klem moet lê en waar die energie en hulpbronne aangewend moet word. En dis

moeiliker om te bereik as koppe tel en syfers rondgooi. En dis ware transformasie!¹

3. Diversiteit en universiteite

Maar laat ek kortliks na “diversiteit” en universiteite terugkom. Ek is ten volle daarvan oortuig dat diversiteit orals in die hedendaagse globale ekonomie, maar veral in universiteite onontbeerlik is. As alle personeel en studente dieselfde lyk, dieselfde praat en dieselfde dink, is dit ’n resep vir middelmatigheid. Dit laat die universiteits-“wêreld” krimp tot ’n plaaslike eiland. Dit maak van die “univers” in universiteit ’n belaglikheid.

En ’n gebrek aan diversiteit maak innoverende denke baie moeilik, indien nie onmoontlik nie. As ons almal dieselfde dink, hoe sal ons uit die “boks” kom? Ek praat nie eers van globale netwerke en navorsing en kennisgenerering nie...

Sommiges sal hierdie standpunt interpreteer as sou dit krities teenoor die begrip van eentalige universiteite wees. En dit is. Isolاسie en eendersheid is wêreldwyd nie te versoen met die begrip universiteit nie. Universiteite met relatief homogene studente- en personeelgemeenskappe sal hiervan moet kennis neem.

Maar – en ek het hierbo sydelings hierna verwys – die soort transformasie wat vandag aan ons voorgehou word, is ook nie bevorderlik vir diversiteit nie. As ons almal swart is en Engels praat, is dit net so min divers as wat ons almal wit is en Afrikaans praat! Dis interessant dat toe die Royal Bafokeng moes besluit na watter van die NWU se drie kampusse hulle eerstejaar onderwysstudente met beurse moet stuur, hulle die Potchefstroomkampus gekies het: omdat dit meer diversiteit as die Mafikengkampus met sy groot Setswanameerderheid het!

Saamgevat: sonder ’n minimum vlak van diversiteit is innovasie baie moeilik. En met die huidige konsep van transformasie staan diversiteit ook uiteindelik in die spervuur.

4. Taal en universiteite

¹ Een van my kollegas stuur onlangs vir my die volgende goeie definisie van transformasie soos gebruik deur die VSA se Departement van Verdediging (2005). Daarvolgens is transformasie ‘n *fasiliterende en voortgaande proses* wat gemik is op die *voortdurende verkennings van die omgewing* en die *skep van eietydse kombinasies en inkledings* van begrippe, vaardighede, mensekapitaal en die *vestigings van vennootskappe* sodat ‘n instelling se *weerloosheid verminder kan word* en daar *volhoubaarheid kom in die strategiese posisionering* van ‘n instelling. Sò ‘n definisie gee ‘n ander blik op die geykte Suid-Afrikaanse siening van transformasie.

Ekkehard Wolff het gesê: “language is not everything in education, but without language, everything is nothing in education”. Taal is verder ’n hoogs emosionele saak – veral as jou taal nie gepraat word nie of as jy nie die taal waarin jy aangespreek word, kan verstaan nie! Dieselfde is waar by universiteite.

Daar is 23 universiteite in SA, met ongeveer 36 kampusse. My inligting is dat by net 6 van hierdie kampusse daar nog voorgraadse onderrig in Afrikaans plaasvind – en dit is amper oral onder politieke druk. By net twee (NWU-Potch en UV) kan ’n mens nog volledig ’n eerste graad kry deur onderrig in Afrikaans. By UP en US word die aanbod van Afrikaanse lesings volgens berigte minder.

Die anomalie is dat op skrif en in beleid daar volledig ruimte vir Afrikaans in hoër onderwys is. Die Minister van Onderwys se 2002 taalbeleid stel onder andere die volgende:

- Engels en Afrikaans se posisie as dominante onderrigtale in hoër onderwys word aanvaar totdat ander tale bemagtig is (art 15.1);
- Die Ministerie erken dat Afrikaans as taal van navorsing (“scholarship”) en wetenskap ’n nasionale bate is, en ondersteun daarom die behoud van Afrikaans as ’n middel tot akademiese uitdrukking en kommunikasie in hoër onderwys en dat hierdie kapasiteit nie ondermyn word nie (art 15.4);
- Afrikaans as akademiese uitdrukkingstaal kan verseker word deur ’n verskeidenheid van strategieë, waaronder Afrikaans as primêre, maar nie enigste medium van onderrig nie (art 15.4.4);
- Die ministeriële raamwerk het onder andere ten doel om Afrikaans as taal van “scholarship” en wetenskap te versterk (art 21); en
- Meertaligheid in institusionele beleide en gebruike word aangemoedig (art 21).

Natuurlik is daar ook waarskuwende geluide oor Afrikaans en universiteite. Hieronder tel die volgende:

- As net een of twee universiteite die rol kry om Afrikaans te bevorder, kan dit lei tot ’n konsentrasie van Afrikaanse studente wat transformasie en diversiteit kan kortwiek (art 15.4.2);
- Die idee van “Afrikaanse universiteite” is lynreg teen die doel van ’n getransformeerde hoër onderwyssektor, aangesien die doel is die skepping van universiteite wie se identiteite en kultuuriëntasie nie swart, wit, Afrikaans of Engels is nie, maar onbeskaamd Suid-Afrikaans (art 15.4.3).

Ek moet met die Ministerie saamstem dat ’n universiteit nie hoofsaaklik of grootliks deur taal (enige taal) gedefinieer behoort te word nie. ’n

Universiteit is wyer en groter as taal. Maar dit beteken nie dat taal nie in onderwys en hoër onderwys belangrik is nie (hieroor later meer).

En die positiewe geluide oor Afrikaans as wetenskapstaal uit regeringsgeledere beteken nie dat dit orals erken word nie. Daar is 'n populêre (en ongelukkig wydverspreide) persepsie dat Afrikaans een van die dinge van die verlede is wat getransformeer moet word – uit die openbare lewe uit, omdat die nuwe Suid-Afrika Engelstalig is.

Ek meen dat daar vier fundamentele redes is vir die behoud en uitbreiding van Afrikaans as hoër onderwystaal:

- 'n Regsgrond is in art 29 van die Grondwet gesetel, en onderhewig aan die feit dat die onderrig “redelikerwys doenlik” moet wees, en dat daar billikheid (lees: “ekwiteit”) moet wees en dat sulke onderwys nie diskriminerend mag wees nie, kan die staat selfs enkelmediuminstellings oorweeg;
- Daar is verder 'n pedagogies-akademiese rede: internasionale navorsing het onteenseglik aangetoon dat die gebruik van moedertaal-onderrig duidelik en ten minste tot op 'n stadium, beter is as tweede- of derdetaal onderrig;
- Derdens is daar die feit dat meertaligheid diversiteit as universiteitsbate sal bevorder.
- En vierdens is die Afrikaanse spraakgemeenskap se inherente vitaliteit sterk genoeg en die hoëfunksiestatus van Afrikaans as onderwystaal gevestig genoeg sodat Afrikaans se posisie as hoër onderwystaal geregverdig kan word.

Teen hierdie agtergrond moet gevra word hoekom Afrikaans as hoër onderwystaal dan onder druk is? Ek meen dat universiteite wat Afrikaans probeer behou en bevorder het drie probleme ondervind:

- Daar is politieke druk op plaaslike vlak, van studentegroepe, vakbonde en politieke partye – almal met 'n eng transformasie-agenda van regstelling en koppe tel;
- Daar is 'n gebrek aan politieke wil op universiteitsbestuursvlak om taal aktief te bestuur. Sommige universiteite het as gevolg van kommersiële redes besluit om Engels in te stel, terwyl ander in nasionale belang dit as 'n transformasie-agent ingebring het;
- By sommige universiteite is die onbedoelde gevolge van parallelmedium onderrig dat die sterker wêreldtaal (Engels) meer en meer bo die kleiner taal verkies word, met al minder lesings wat deur oorwerkte akademici in Afrikaans aangebied word.

Sonder om nou moontlike oplossings vir hierdie toedrag van sake voor te stel, wil ek sê dat die grondwet, regeringsbeleid en amptelike uitsprake genoeg ruimte gee om Afrikaans as hoër onderwystaal te behou en uit te bou. Maar as dit geloofwaardig gedoen wil word, moet dit hand aan hand met die

bevordering van die hoër funksies van die ander landstale gaan. Die “redelikerwys doenlik” moet ook vir SeSotho of isiZulu kan geld. Aan die ander kant moet die argument van teenstaanders van Afrikaans dat Afrikaans moet sterf omdat die “redelikerwys doenlik” net daarvoor geld, sterk weerlê word.

Dis eweneens belangrik om die gelykstelling van “redelikerwys doenlik” met Engels, te bevraagteken en te kyk of dit regtig lei tot die vestiging van ’n inklusiewe institusionele kultuur wat slaag daarin om sosiale, kulturele en etniese verskille te inkorporeer.

Daarteenoor moet die bevorderaars van Afrikaans ook goeie argumente vind om die voortdurende diskriminasie-bewerings oor universiteite waar vir nie-Afrikaanssprekers voorsiening gemaak word (onder andere deur parallelmedium-onderrig en simultane tolking), te weerlê.

’n Voetnoot is hier gepas: die voorstaanders van Engels as die beste transformasiemedium vergeet dikwels dat daar bruin en wit Afrikaanse studente is wat van die diep platteland af kom, en nie Engels kan praat nie en ook nie baie daarvan verstaan nie. Daar is ’n foutiewe veronderstelling dat wit en bruin studente Engels kan praat en daarin lesings kan ontvang. Dis net so diskriminerend om van hulle te verwag om net in Engels lesings te ontvang as wat dit is om Afrikaans in Zulusprekende studente se kele af te druk.

Kortom, dis nie werklike transformasie om eenvoudig die weg van die minste weerstand te volg en na Engels as enigste taal oor te skakel nie... dit vernietig uiteindelijke diversiteit en taaldiversiteit, en is diskriminerend.

5. Is taal, transformasie en diversiteit by universiteite versoenbaar?

Maar nou bly die vraag: is transformasie, diversiteit en taalregte by universiteite hoegenaamd versoenbaar? Ek wil hierop “ja” antwoord, met die volgende aannames en voorwaardes.

5.1 Universiteite is openbare instellings, maar dit beteken nie dat hulle allemans- of staatsbesit is nie. Alhoewel ek weet dat dit ’n gekompliseerde onderwerp is, wil ek die stelling maak dat ’n universiteit “behoort” aan die kollektief van almal wat reeds daar gestudeer en gewerk het, en almal wat nou daar studeer en werk. Die “beskermers” van die universiteit is die Raad (wat hierdie verskeidenheid omvat) en die bestuur - deur die Raad aangestel om die universiteit te bestuur.

5.2 Soos enige ander organisasie, het universiteite ’n organisasiekultuur of institusionele kultuur. Dit gee aan ’n universiteit ’n eie “identiteit”, wat bepaal word deur velerlei faktore: ligging, geskiedenis, studente, personeel en gebruike. Dis nie moontlik vir enige universiteit om ’n presiese replika van ’n ander te wees nie. Selfs kampusse van dieselfde

- universiteit verskil in terme van kampuskultuur. En daardie verskeidenheid is goed vir die hoër onderwyssektor.
- 5.3 Ek het reeds gesê dat dit nie wenslik is om 'n universiteit te definieer in terme van (een) taal nie. Maar die ander kant van daardie munt is dat taal en tale 'n belangrike rol in die vorming en behoud van institusionele kultuur speel – en behoort te speel (sien hieronder). En die belangrike punt is dat die prinsipiële aanvaarding van meertaligheid belangrik is vir die vorming van 'n gewenste institusionele kultuur.
- 5.4 Ek beskou 'n “gewenste” institusionele kultuur (onder andere) as een wat inklusief is en nuwe studente en personeel laat welkom voel. En as die nuweling hierdie kultuur aanvaar en deel word daarvan (en dit onafwendbaar self ook beïnvloed) sal dit hulle laat tuisvoel. Welkom en tuis...
- 5.5 En as die universiteit wys dat dit respek het vir ander deur taaldiversiteit te aanvaar en dit deur die beginsel van meertaligheid te bestuur, sal die institusionele kultuur een wees wat almal welkom en uiteindelik tuis sal laat voel.
- 5.6 Die onafwendbare vraag is of 'n universiteit of universiteitskampus se institusionele kultuur grootliks deur een taal bepaal kan word. In praktyk word 'n hele paar Suid-Afrikaanse universiteite se institusionele kultuur deur Engels bepaal – iets waaraan sommige van hulle hard werk om te verander. Maar dieselfde word nie vir Afrikaans gegun nie – waarskynlik oor die verwronge transformasiekonsep hierbo genoem. Maar ek sou, binne die konteks van meertaligheid, nie die pad van enkelmediuminstellings wou opgaan nie – juis omdat dit noodsaaklike diversiteit en taaldiversiteit sal bemoeilik. En omdat dit nie polities haalbaar is nie – veral omdat sekere politici art 29 van die Grondwet se enkelmediuminstellings as 'n alternatief eerder as 'n reg interpreteer.
- 5.7 Aan die ander kant meen ek dat 'n paar universiteite die reg en verantwoordelikheid moet kry en/of neem om Afrikaans as hoër onderwys taal te behou en uit te bou. En dan moet hulle institusionele kultuur ten minste deur Afrikaans medebepaal word, binne die werklikheid en gegewe van taaldiversiteit. En hierdie saak behoort aktief deur universiteitsbesture deur 'n beleid van meertaligheid bestuur te word.
- 5.8 En om dit moontlik te maak, sal daar 'n ander, nuwe kyk na transformasie gegee moet word. Google sê dat sogenaamde “epistemologiese transformasie” die bevreemding is van bestaande aannames en die vorming van nuwes om die wêreld vanuit 'n meer komplekse perspektief te sien. Dis baie meer as rasseregstelling en koppe tel. Dis om werklik uit te kom by wat die derde onderwyskrif noem die “*development of a learning society which can stimulate, direct and mobilise the creative and intellectual energies of all the people towards meeting the challenge of reconstruction and development*”.

6. Afsluitend

Samevattend: die oënskynlik botsende begrippe van transformasie, diversiteit en taalregte kan konstruktief versoen word as:

- Die begrip *transformasie* nuut bedink en geïmplementeer word;
- *Diversiteit* as 'n gegewe en 'n bate aanvaar word;
- Universiteitsbesture die organisatoriese wil het om hierdie komplekse saak deur 'n beleid van *meertaligheid* aktief te bestuur, met die nodige energie en fondse; en
- Die dinamiese verhouding tussen *taal en institusionele kultuur* reg bestuur en ontwikkel word.

Ek meen dat hierdie raamwerk op alle Suid-Afrikaanse universiteite van toepassing is en behoort te wees. Hierdie anders kyk na transformasie en die aktiewe aanvaarding en bestuur van funksionele meertaligheid druis wel in teen die eendimensionele transformasiewekroep, maar dit voeg 'n bepaalde kwaliteitsdimensie toe en verreken die *fitness of and for purpose* van universiteite.

Maar ek sien ongelukkig nie genoeg hiervan by genoeg universiteite om my gerus of opgewonde te maak nie. En as dit regtig moet werk, moet ons ook aktief werk dat meertaligheid aktief op skool bevorder moet word – soos wat die rektore van die destydse historiese Afrikaanse universiteite reeds in 2005 aan die Minister aanbeveel het.

Vergun my ook 'n paar woorde oor hoe hierdie raamwerk by die NWU ontwikkel en toegepas word. Ons glo dat die voorsiening van Afrikaans as hoër onderwystaal grondwetlik en prakties geregverdig is. Maar deur die voorsiening van simultane tolking in meer as 600 periodes per week op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampusse, het ons nie die pad van 'n enkelmediuminstelling opgegaan nie (dis net Engels wat hiermee kan wegkom!).

Belangriker is dat ons besluit het om taaldiversiteit aktief te bestuur, op 'n funksionele en pragmatiese manier. Sò het ons (te minste so ver) daarin geslaag om taal te de-politiseer. Meertaligheid by die NWU strek ook verder as onderrig. Dit sluit ook tale van administrasie, tale van vergaderings, tale van amptelike kennisgewings, tale van die webwerf, tale op kennisgewing- en rigtingborde en dienstale by toonbanke in. En die koste hiervan is op die oomblik ver minder as R10m per jaar –'n druppel van die universiteitsbegroting. En die vraag is myns insiens nie of ons kan bekostig om dit te doen nie, maar eerder of ons kan bekostig om dit nie te doen nie.

Ons het reeds begin met simultane tolking na Setswana toe op die Potchefstroomkampus en begin eersdaags ook daarmee op die

Mafikengkampus – as 'n bemagtigingsinstrument vir Setswanasprekende studente en om hulle voor te berei vir 'n meertalige onderwyswerksomgewing. Maar ons, soos ander universiteite, behoort meer te doen om ander inheemse tale as wetenskapstale te vestig en te bevorder. Interessant genoeg was die enigste probleem wat die Ministeriële Taakspan oor Rassisme oor taal by die NWU opper, die feit is dat die Mafikengvakbond kla dat simultane tolking by vergaderings nie orals ook in Setswana kan plaasvind nie...

Deur die goeie werk wat die Institusionele Taaldirektoraat doen, en op grond van die wye aanvaarding van hierdie aanpak, meen ek ons is oppad om daarin te slaag om mense te laat tuisvoel in 'n samespel van meer tale - en dit gebeur by wyse van die skep van 'n inklusiewe institusionele kultuur wat onder andere in taal uitgedruk word, maar baie groter as taal is.

Ons het ver gevorder, maar daar is nog baie werk....

Ten slotte is dit van kardinale belang om met die nuwe beleidsmakers in gesprek te tree om die “spelreëls” te probeer verander. Sonder die politieke wil en verdraagsaamheid sal die ideaal van ons land se leuse - *!ke e: /xarra //ke* - letterlik – “*diverse mense verenig*” 'n opdraande pad bly. Op 'n kollektiewe skaal, vra dit die nasie om te verenig in 'n gesamentlike gevoel van samehorigheid en nasionale trots, terwyl ons verdraagsaam is oor mekaar se andersheid - eenheid in verskeidenheid!

Dankie vir u teenwoordigheid en aandag.

Theuns Eloff
Visekanselier: Noordwes Universiteit